The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 4 Terms and Conditions) without prior permission of the original publisher.

ornico
KNOW HOW TO GROW

Publication		
SARIE		
Page	**Date**	**AVE (ZAR)**
106-109	Fri 01 June 2018	160613.26

Die pa's *doen* hul ding!

Dis lankal nie meer vreemd om Pa agter die kospotte te sien of bedrewe met 'n babadoek nie. Twee pa's vertel meer oor hul ouerskap-styl

DEUR MARGUERITE VAN WYK

Foto Gallo Images/Getty Images

"Ek het die eerste doek omgeruil, 'n ere-medalje." Woorde uit die mond van prins William ná die geboorte van prins George, sy eersteling, in 2013.

Dit is nie meer snaaks vir mans om doeke om te ruil, die fopspeen in 'n kleintjie se mond te druk of formulemelk aan te maak nie.

Volgens Marelise Botha, 'n sielkundige van Stellenbosch, werk al hoe meer vroue weens hoë lewenskoste. "Pa's is aktief betrokke by die versorging van kinders en die huistake. Die pluspunt is navorsing wys pa's wat betrokke is by hul kinders, kan bydra tot hul kroos se positiewe sosiale, emosionele en kognitiewe ontwikkeling. Die kinders presteer dikwels beter op skool en het 'n goeie selfbeeld. Hulle voel geborge."

Twee pa's deel hul verhale. >

Jonathan en Kaleb

‘Ek is ’n versorger’

Jonathan Kaplan, voormalige internasionale rugbyskeidsregter

Van bonsai tot bulhonde tot ’n babaseun.

Dít is Jonathan Kaplan (JK vir vriende) se verhaal.

Op 47 het hy besluit om die rugby-wêreld te groet en enkelpa te word. “Ek was een van die oudste internasionale skeidsregters en die natuur het geroep – ek wou ’n kind hê.”

Toe pak hy dit met die hulp van ’n surrogaat aan. In *Winging It: Jonathan Kaplan’s Journey from World-Class Ref to Rookie Solo Dad* (Pan MacMillan, R275) skryf Joanne Jowell oor dié reis.

Kaleb is op 1 Junie 2016 gebore, maar gelykpad was dit nie. “Niks in die lewe het vir my maklik gekom nie – nie in my loopbaan of my reis om pa te word nie – maar ek sal dit enige tyd weer doen,” sê Jonathan.

Hy is ’n sterk individu wat nie skroom om standpunt in te neem nie, selfs al gaan dit teen die grein; integriteit kom vir hom voor gewildheid.

Hoekom nie trou en op die natuurlike manier ’n baba verwek nie, het baie gewonder. “Ek het ’n paar verhoudings gehad toe ek jonger was, maar was nie toe gereed vir trou nie. Ek het gereeld gereis vir my werk en ’n droomlewe gehad – ek hoef aan niemand verslag te gedoen het nie. As ’n verhouding nie uitgewerk het nie, het ek aanbeweeg.” In die boek erken hy twee vroue was swanger met sy kind maar het ’n aborsie gehad. Hulle is op goeie voet uitmekaar.

Hoewel hy gewoond geraak het aan alleen leef, het sy geliefde bulhonde altyd gewag ná ’n lang reis, vertel hy. En daar was altyd sy bonsai-kuns.

“Maar ek wou áltyd kinders hê. Voortplanting is ’n wonderlike ding. Op 47 het dit reg gevoel.”

Jonathan het deur ’n vriendin ’n surrogaatagentskap genader. Jacqui, ’n lugverkeerbeheerder uit die Noorde, was die surrogaatma. “Ek kan haar nooit genoeg bedank vir Kaleb nie. Sy was enduit kalm en emosioneel volwasse.” Maar eers met die vierde probeerslag was sy swanger.

“Ek het potensiële eierskenkers [wat verskil het van die surrogaat] gekies op grond van voorkoms, intelligensie en sportiwiteit.” En hy het doelbewus nié “Joodse eierselle” gekies nie omdat hy bang was dat hulle verwant kon wees.

Hy was by met die baba se geboorte deur middel van ’n keisersnee – ’n groot, byna surrealistiese oomblik. “By die huis, waar my ma, Tikvah [’n modeontwerper], my ’n ruk lank bygestaan het, het ek effens verwyderd van Kaleb gevoel. Ek kon nie dadelik ’n band vorm met die outjie nie en was effens depressief daaroor.”

Tikvah, wat in Kaapstad woon, is ’n belangrike deel van sy ondersteuningsnetwerk en kom dikwels help met haar kleinseun. Jonathan het ook ’n huishulp, Zonke, wat hom help.

“Daar was soveel teleurstellings in die aanloop tot die bevalling, soos Jacqui se miskraam en ektopiese swangerskap. Ek moes my emosies afsluit en kon dit nie ewe skielik volstoom aandraai nie.” Boonop het hy níks geweet van kinders grootmaak nie.

Dit was aanvanklik ’n geskarrel: baba eet, maak doek vuil, slaap, eet, en so het dit aangegaan, vertel hy. “Byna meganies. Ek was oorweldig.”

Hy is ’n gedrewe marathon-atleet (hy het al tien keer die Twee Oseane en nege keer die Comrades voltooi), lief om op die ingewing van die oomblik saam met vriende te braai of te gaan uiteet. “Dit het my gevang toe ek nie meer spontaan dinge kon doen nie. Alles moes volgens Kaleb beplan word. Jy raak selfsugtig as jy lank op jou eie woon.”

Op ses weke gee Kaleb vir sy pa ’n grote glimlag. En Jonathan wéét: “Daddles”, soos hy na homself verwys, en Kaleb het mekaar gevind. “My meisie, Susan, en haar twee kinders is ook mal oor hom. Ons doen lekker goed saam.” Susan het sowat ses maande ná Kaleb se geboorte op die toneel verskyn. Hy wys foto’s op sy iPhone van hul kinders wat in die park speel.

Merk op: “Liefde en tyd is die grootste uitdagings vir ’n ouer.” Hy reken sy pa, wat nou in Kanada woon, was nie altyd daar vir hom nie omdat hy hard moes werk. Sy ouers is geskei toe hy tien jaar was en sy kinderjare was moeilik, dikwels alleen. “Maar ons familie is nou baie heg. Noudat ek ’n ouer is, verstaan ek eers hoe baie ouers opoffer vir hul kinders.”

Jonathan is trots op sy Joodse herkoms, hoewel hy ’n sekulêre Jood is. “Ek wil Kaleb grootmaak met waardestelsels van familie-strukture. Hy moet alle mense respekteer en liefhê en ek wil hom help om tot sy volle potensiaal te ontwikkel.”

Soms is hy tog bekommerd oor die “ma-kwessie”, hoewel sy ma, vriendinne en meisie daar is vir die knapie. “Ek sal hom vertel van die eierselle wanneer die tyd ryp is. *I’ll have to wing it.*” Jacqui het hom aangeraai om meer op die positiewe te konsentreer en te sê hoe graag hy ’n seun wou hê, eerder as om te hamer daarop dat hy nié ’n ma het nie.

Sy doelwit met sy boek *Winging It*, sê hy, is om te wys daar is verskillende maniere om ’n gesin te kry. “Min mense is verbaas as vroue ’n surrogaat gebruik om swanger te word. Hoekom geld dieselfde nie vir ’n man nie?” Ja, dit is nie vir almal nie, toegegee. “Dis duur. Elke keer as jy eierselle inplant, kos dit R70 000, daar is regskoste … jy kan dinge nie beplan nie en ek moes leer om die natuur te vertrou.”

Hy glo stereotipes is gevaarlik: “Hollywood se idee van trou en dan is jou lewe vir ewig gelukkig, bestaan kwalik meer. Vyftig jaar gelede, as iemand buite die huwelik gebore is, was hy of sy ’n buite-egtelike kind. Mense frons nie meer daaroor nie. Denkpatrone moet verander.”

Hy kan hom nie meer sy lewe sonder Kaleb voorstel nie.

Foto Instagram

‘Leer kinders om hul passie te volg’

Fritz Vermaak, IT-kenner, en sy dogter, Minay

Fritz het sy dogter Minay (12) as’t ware “afgerig” vir die kykNET-bakprogram *Koekedoortjie*.

Sy het reeds as kleuter dopgehou hoe hy en haar ma, Monia, in die kombuis gewerskaf het. “Op vier het Minay al kolwyntjies gebak, met hulp, natuurlik,” vertel Fritz trots.

Op sewe het haar pa haar geleer hoe om ’n omelet te maak – romerig en pof.

Minay is een van tien gelukkiges wat uit honderde inskrywings gekies is om deel te neem aan die gewilde bakprogram vir kinders tussen tien en dertien jaar. Die wenner word einde Junie bekend gemaak.

Haar ma het ’n speelgroepie vir voorskoolse kinders by hul huis op die Rietvlei View-landgoed buite Pretoria. Fritz is ’n IT-kenner. Minay het ook ’n sussie, Nieke (10), en kleinboet, Liam (7).

Sy vertel sy het nog altyd gehou van bak. “Die geure in die kombuis, om die deeg te roer, die bakke agterna uit te lek, om te kyk hoe die koek rys in die oond. Op elf het ek vir my ’n *blow torch* gekoop sodat ek my eie crème brûlée kon maak.”

Toe sy hoor van *Koekedoortjie* en dat sy ’n TV-bakster kan word, het sy gedink: “Waarom nie? Dit lyk so lekker.” Sy het ingeskryf en was uit haar nate toe sy hoor sy is gekies.

Fritz vertel: “Ek het na al die opnames gegaan om haar moed in te praat. Ek was die enigste pa tussen ’n spul mammas. Soms is dit maar ’n emosionele *roller coaster* as jy kyk na die kinders en sien hulle doen iets verkeerds en jy wil help, maar jy kan nie.’n Keer of wat het ’n koek aan die brand geslaan en hoe dán gemaak? Maar ons het mekaar baie ondersteun. Saam gehuil as iemand uit is, getroos, gelag. Dit was ’n positiewe ervaring en die vroue het my geensins anders behandel omdat ek ’n man is nie.”

Foto Marique Kirwan

Deelnemers het nie resepte gekry om vooraf te oefen nie. “So ek het maar ’n paar dinge vir haar geleer – hoe om byvoorbeeld ’n goeie rolkoek te maak, hoe belangrik dit is dat die oond se temperatuur reg is, om altyd te toets of jou gebak gaar is.”

Fritz het haar probeer leer om nooit bang te wees om nuwe dinge te probeer nie. Hyself het sy kook- en bakkennis verwerf op ’n kursus kort ná sy troue. “Ek het nog altyd daarvan gehou om mense te onthaal – potjiekos, braai, of om ’n lekker pizza te maak is my kos.

Fritz en Minay

Kleintyd leer ek die kinders al: belê in kosmaak – dit bring mense bymekaar

Fritz

“Kleintyd al het ek vir die kinders geleer: belê in kosmaak – dit bring mense bymekaar.”

Voor *Koekedoortjie* afgeskop het, was sy raad aan Minay: “Volg die resep noukeurig en sorg dat dit lyk soos wat hulle dit beskryf. As jy nie hou van hoe dit die eerste keer lyk of proe nie, pas dit die twéède keer aan volgens jou behoeftes.”

Minay glo haar vakansie-ervaring in die kombuis van Black Bamboo, ’n vyfster-restaurant in Menlyn, Pretoria, het haar goed te staan gekom. Haar pa reken dit het haar gehelp om nuwe dinge met *Koekedoortjie* op die proef te stel. “Sy leef haar uit in haar kos- en bakkuns en dit help my verstaan hoe sy die lewe ervaar. Ons ruil idees uit en dit bou soveel vertroue tussen ons.”

Fritz meen kinders het genoeg tyd, maar ook intensiewe belangstelling van hul ouers nodig. “Doen dinge saam met jou kinders – dinge waarvan húlle hou. Neem hulle op *dates* – dit is ’n hoogtepunt in ons huis en laat hulle spesiaal voel.”

In hul huis is daar geen onderskeid tussen “rolle” nie. “Ek en my vrou deel alles – ons ry kinders rond, maak kos, help met bad- en tuiswerk. Ons is bevoorreg om elkeen ons eie besigheid te hê en dus heeltyd ons kinders te kan sien. Dit is soms hartseer om te sien hoe baie mense so gefokus is om net aan die lewe te bly dat dit wat regtig belangrik is, soos die gesin, afgeskeep word.”

Hy geniet sy kinders se drukkies. “Om te sien hoe hulle oulike mense word maak my hart week. As ek my kinders kan leer om almal met liefde en respek te behandel, sal ek gelukkig wees.”

Fritz probeer sy kinders ondersteun in al hul drome, of hy daarmee saamstem of nie. “Hulle moet hul potensiaal probeer ontgin en kan dit net doen deur self te leer en hulself te probeer bewys. My pa het dit aan my gegun en ek moet dié voorreg ook aan my kinders gee.”

Maar Fritz het ook by sy dógter geleer. “Sy maak die lekkerste fudge. Én sy leer my om die lewe altyd te geniet en kind te bly.”

Minay sê: “My pa is *awesome*. Hy het my nog altyd raad gegee in moeilike situasies en ons is beslis nader aan mekaar ná *Koekedoortjie*. Hy gee om en probeer verstaan hoe dit is om in iemand anders se skoene te staan.” □

***Koekedoortjie* is Woensdagaande om 20:00 op kykNET (DStv-kanaal 144) te sien.**